VRYHEID VAN RANDFONTEIN

In Matteus 28:18 sê Jesus na sy opstanding "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde". Volgens Kolossense 1:16 is Jesus die beeld van God. Hy is die Eerste verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien en nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers en gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het.

Die gelowige kerk van Randfontein gee die

EREBURGERSKAP VAN RANDFONTEIN

aan die

HERE JESUS CHRISTUS

die Leeu uit die stam van Juda, die Ruiter op die wit perd wat gaan terugkom aarde toe met sy heilige tienduisentalle. Hy wat genoem word die Getroue en Betroubare, wat as Koning van die konings en Here van die here, wat gaan regverdig oordeel oor al die volke, en ons gaan saam met Hom regeer as konings en priesters op die aarde. Openbaring 5:10 & 19:11. Ons plaas alle name, kragte, magte en heerskappye van ons dorp onder sy Naam, mag en gesag en gee vrye toegang aan sy Heilige Gees om sy ware kerk te lei in samewerking, eendragtigheid en oorwinning oor al die magte van die duisternis deur sy opstandingskrag. Heilige Gees u is welkom in Randfontein. Ons verklaar dat Randfontein vir ewig nou aan die Here Jesus Christus behoort.

www.prayeroven.co.za

RANDFONTEIN ON YOUR KNEES

Gebedsoond
Prayer Oven